# TOELIGTING MET BETREKKING TOT DIE VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN ORANIA AANDELEBLOK (RF) (EIENDOMS) BEPERK (OAB) SE GEKONSOLIDEERDE AKTE VAN OPRIGTING

Buiten verskeie taalkundige en kosmetiese wysigings, wat aan OAB se akte van oprigting aanbeveel word, word die volgende redes vir die betrokke wysigings uitgelig:

## Paragraaf 10

Dit word aanbeveel dat die toepaslike bepalings van die paragraaf wat betrekking het op ekwiteitstransaksies/geagte oordragte verwyder word, aangesien dit prakties onuitvoerbaar is. OAB kan nie deurlopend die beheer van regsentiteite en trusts wat belange in aandeleblokke hou, moniteer nie. OAB se voorkoopsreg ten opsigte van die vervreemding in belange in aandeleblokke word egter steeds gereserveer.

## Paragraaf 11

Die wysiging aan sub-paragraaf 11.1 word aanbeveel ten einde OAB se aandeelhouersbesluit wat die gemagtigde aandelekapitaal na 600 000 te verhoog, in die akte van oprigting te konsolideer.

Die wysiging aan sub-paragraaf 11.8 word aanbeveel aangesien OAB se vervreemdings- en gebruiksooreenkomste bepalings bevat wat 'n reg op of belang in die gebruik van ’n perseel verleen soos deur die Wet op Beheer van Aandeleblokke bepaal, en albei gevolglik binne die woordsomskrywing van “gebruiksooreenkoms” val. Die wysiging word ook aangebring om die toepassing van skriftelike besluite wat deur aandeelhouers geneem kan word, te ondersteun.

## Paragraaf 19

Die wysiging aan sub-paragraaf 19.8 word aanbeveel ten einde te verseker dat slegs persone wat oor verblyfreg in Orania beskik, as gevolmagtigdes tydens aandeelhouersvergaderings kan optree.

## Paragraaf 25

Die skrapping van sub-paragraaf 25.1.4 word aanbeveel, aangesien die kworumvereistes vir ’n geldige direksievergadering per implikasie behels dat daar noodwendig aan die vereistes van sub-paragraaf 25.1.1 voldoen word, en is die herhaling daarvan oorbodig.

Die wysiging aan sub-paragraaf 25.2 word aanbeveel ten einde te verseker dat die behoefte van aandeelhouers om inwoners van OAB se aandeleblokskema, wat nie oor belange in aandeleblokke beskik nie, die geleentheid te gun om by die bestuur van die skema betrokke te raak, en te voorkom dat dit nie deur persone wat indirekte belange in aandeleblokke het, misbruik te word nie.

Paragraaf 26

Die wysigings aan paragraaf 26 word aanbeveel, ten einde enige onsekerheid oor die rotering van direkteure tydens algemene jaarvergaderings uit die weg te ruim, en weg te doen met die gebruik dat direkteure nie aaneenlopend deur aandeelhouers genomineer en verkies kan word nie. Tans is 'n direkteur wat vir nege jaar aaneenlopend as direkteur gedien het, vir ten minste een jaar daarna nie herkiesbaar nie. Dit belemmer aandeelhouers se reg om kandidate van hul keuse (en wie aan die toepaslike vereistes voldoen) deurendtyd as direkteure te nomineer en te verkies.

Die wysiging aan sub-paragraaf 26.2 word aanbeveel ten einde te verseker dat direkteure se fidusiêre verpligtinge nie belemmer word nie.